Liewe Mammas

Hier volg die tuiswerk vir die Hersiene Tweede Kwartaal: Week 3.

Ons gaan die week in ons Werkkaart-, Werkboek- en Handskrifboeke werk vir die *Hersiene Tweede Kwartaal*.

Aangesien ons die week ook ons 2 oriënteringsdae het, gaan ons die werkies so bietjie aanpas. Volg net mooi die dae asseblief. (Dinsdag en Woensdag se werk is dus dieselfde)

Maandag 29 Junie
- Klaslees *Die stoute tweeling*: p5
- Groen BB: doen Maandag van p35
- Blou BB: p9 2 eie sinne (pit sif)
- Afrikaans: WB My gunsteling kos (sien Teams video)
- Handskrif: h (sien Teams video)

Dinsdag 30 Junie **GROEP 2 DOEN vandag HUISWERK en GROEP 1 BESOEK die SKOOL**
- Klaslees *Die stoute tweeling*: p5, 6
- Groen BB: doen Dinsdag en Woensdag van p35
- Blou BB: p9 2 eie sinne (sit pil)
- Wiskunde: WK p19 (sien Teams video)
- Lewensvaardigheid: WB Noodnommers (sien Teams video)
- Afrikaans: WB Burger (sien Teams video)
- Handskrif: b (sien Teams video)

Woensdag 1 Julie **GROEP 1 DOEN vandag HUISWERK en GROEP 2 BESOEK die SKOOL**
- Klaslees *Die stoute tweeling*: p5, 6
- Groen BB: doen Dinsdag en Woensdag van p35
- Blou BB: p9 2 eie sinne (sit pil)
- Wiskunde: WK p24 (sien Teams video)
- Lewensvaardigheid: WB Noodnommers (sien Teams video)
- Afrikaans: WB Burger (sien Teams video)
- Handskrif: b (sien Teams video)

Donderdag 2 Julie
- Klaslees *Die stoute tweeling*: p8, 9
- Groen BB: doen Donderdag van p35
- Blou BB: p9 2 eie sinne (dik bril)
- Wiskunde: WK p21 (sien Teams video)
- Engels: WB This is my street (sien Teams video)
- Handskrif: k (sien Teams video)

Vrydag 3 Julie
- Groen BB: doen Vrydag van p35
- Handskrif: f (sien Teams video)
- Kuns (sal nog stuur)



Voorbeeld van die voltooide werkstuk

Voorbeeld van die voltooide werkstuk



Voorbeeld van die voltooide werkstuk





Die tweeling

Lester en Dennis is ‘n tweeling.
Hulle speel in die son.
Lester staan voor Dennis.
Daar skop hy vir Dennis raak.
Dennis huil en huil.

Teken ‘n seuntjie wat huil.

Skryf die sin: **Dennis huil en huil.**

Dennis is siek

Dennis is in die bed.
Hy voel siek.
Mamma sit by Dennis.
Sy kyk na hom.
Dennis voel baie siek.
Hy hoes en hoes.

Teken 'n seun wat siek is in die bed.

Skryf die sin: **Dennis voel baie siek.**

Vertel vir die klas 'n storie van iemand wat baie siek was en weer gesond geword het.

Lester en Nina speel

Lester en Nina speel.
Hulle speel met Nina se pop.
Die pop het 'n geel rok aan.
Die pop is groot.
Dit is 'n mooi pop.
Lester en Nina speel lekker.

Takie: Teken 'n pop.

Skryf die sin: **Dit is 'n mooi pop.**

Derek speel tol

Derek is 'n groot seun.
Hy en Pappa loop en loop.
Derek het 'n tol.
"Pappa, kyk my mooi tol!"
Die tol is groot.
Dit is 'n duur tol.
Pappa en Derek speel lekker met die tol.

Teken 'n mooi tol.

Skryf die sin: **Die tol is mooi.**

Probeer 'n speletjie uitdink wat 'n mens met 'n tol kan speel. Onthou, dit moet iets nuuts wees!



Voorbeeld van voltooide werkstuk

Kopieër asseblief die prent om in die kleinding se Werkboek te kan plak vir die voltooiing van die werkstuk oor die burger.



Ons hoop julle het die kuiertjie by die skool geniet en ook al die lessies op TEAMS en sommer lekker gewerk!!

Onthou ook om bietjie .....

* tou te spring
* legkaart te bou en
* buite te speel

Dankie vir jou harde werk die week.
Jy maak Juffrou se hart so bly!!